**Crestview Primary School**


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vak | : Afrikaans EAT: Leesbegrip | | Graad | : 6 ____ |
| Onderwyser | : Mev. Bruwer | | Tydsduur | : 60 min |
| Moderator | : Mev. Mokoto | | Totaal | : 20 |
| Naam en Van | : ______________________ | | Datum | : __________ |

Lees die volgende Afrika-storie deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

## Hoekom Leeu so hard brul

Lank, lank gelede het Leeu 'n sagte stem gehad. Die diere in die bos was baie bang. Leeu kon enige tyd diere vang en eet, want hulle het nie geweet wanneer Leeu hulle gaan jag nie.


Die diere hou vergadering oor die probleem. Haas, die slimste van al die diere, sê: "Ek het 'n plan! Ek weet hoe om Leeu kliphard te laat brul! Dan sal ons altyd weet as hy ons wil jag."




Die ander diere is bly oor die plan. Maar hoe gaan Haas dit regkry? wonder hulle.

Op 'n dag sê Haas vir Leeu: "O grote Leeu, ek het slegte nuus. Jou broer is baie siek. Hy wil hê jy moet na hom toe gaan."

Leeu is bekommerd. "Vat my asseblief dadelik na hom toe." Hulle stap en stap, stap en stap.





Leeu word baie moeg. Hy raak aan die slaap. Haas steel heuning uit 'n byekorf en smeer dit aan Leeu se kop en pote terwyl hy slaap.


Haas kruip agter 'n groot klip weg om te kyk wat gebeur.

Mokoto 2019/02/04



Die bye is baie kwaad toe hulle by hulle byekorf kom. Hulle dink Leeu het hulle heuning gesteel.

Hulle steek hom op sy kop, sy ore, sy lyf, sy pote en sy stert. Arme Leeu. Hy begin BRUL van die pyn. Hy BRUL harder en harder. Al die diere van die bos hoor die harde gebrul.



Van daardie dag af brul Leeu kliphard. Al die diere is so bly, want van toe af hoor hulle sy klipharde gebrul as hy gaan jag.

Lisa Grainger
(Vertaal uit: *Stories Gogo told me*, Penguin Books, 2007)


**brul** – *roar*
**byekorf** – *beehive*
**haas** – *hare*
**heuning** – *honey*
**jag** – *hunt*
**kliphard** – *very loud*
**leeu** – *lion*

**moeg** – *tired*
**slegte nuus** – *bad news*
**smeer** – *smear/spread*
**steek** – *sting*
**steel** – *steal*
**stem** – *voice*
**vergadering** – *meeting*


2019/2/04

## A) Die volgende sinne is ONWAAR. Maak hulle WAAR.

1. Lank gelede het Leeu 'n **harde** stem gehad. ____________
2. Die diere in die bos was baie **dapper** vir Leeu. ____________
3. Haas, die **domste** van al die diere, dink aan 'n plan. ____________




4. Hy dink aan 'n plan om Leeu se stem **sagter** te maak. ____________
5. Die ander diere is **hartseer** oor Haas se plan. ____________
6. Haas gee vir Leeu die **goeie** nuus dat sy **suster** baie siek is.
7. Leeu en Haas gaan **later** na sy siek broer toe.



8. **Leeu** smeer heuning aan **Haas** se kop en pote.
9. Die bye dink **Haas** het hulle heuning gesteel. ____________
10. Leeu brul **sagter** en **sagter** toe al die bye hom steek.

## B) Vyf antwoorde is KORREK. Watter een is NIE KORREK NIE?




Die bye steek vir leeu op sy:

1. kop  2. ore  3. oë  4. lyf  5. pote  6. stert

## C) Voltooi die blokkiesraaisel. Gebruik die leidrade.

1. Haas smeer ______ aan Leeu se kop en pote.
2. Die ______ is kwaad omdat iemand hulle heuning gesteel het.
3. Hulle ______ Leeu op sy kop en oral op sy lyf.
4. Leeu brul nou ______.
5. Die diere hou 'n ______ om die probleem oor Leeu te bespreek.
6. Aan die begin is Leeu se stem sag, daarom weet die diere nie wanneer hy hulle gaan ______ nie.





**(Totaal: 20)**


2019/2/4

Memorandum


## A) Die volgende sinne is ONWAAR. Maak hulle WAAR.

1. Lank gelede het Leeu 'n **harde** stem gehad. sagte
2. Die diere in die bos was baie **dapper** vir Leeu. bang
3. Haas, die **domste** van al die diere, dink aan 'n plan. slimste
4. Hy dink aan 'n plan om Leeu se stem **sagter** te maak. harder
5. Die ander diere is **hartseer** oor Haas se plan. bly
6. Haas gee vir Leeu die **goeie** nuus dat sy **suster** baie siek is. slegte, broer
7. Leeu en Haas gaan **later** na sy siek broer toe. dadelik/nou/vinnig
8. **Leeu** smeer heuning aan **Haas** se kop en pote. Haas, Leeu
9. Die bye dink **Haas** het hulle heuning gesteel. Leeu
10. Leeu brul **sagter** en **sagter** toe al die bye hom steek. harder, harder





## B) Vyf antwoorde is KORREK. Watter een is NIE KORREK NIE?




Die bye steek vir leeu op sy:

1. kop 2. ore (3. oë) 4. lyf 5. pote 6. stert

## C) Voltooi die blokkiesraaisel. Gebruik die leidrade.

1. Haas smeer heuning aan Leeu se kop en pote.
2. Die bye is kwaad omdat iemand hulle heuning gesteel het.
3. Hulle steek Leeu op sy kop en oral op sy lyf.
4. Leeu brul nou hard.
5. Die diere hou 'n vergadering om die probleem oor Leeu te bespreek.
6. Aan die begin is Leeu se stem sag, daarom weet die diere nie wanneer hy hulle gaan jag nie.




**(Totaal: 20)**

2019/2/04